Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-04-07
Oggenddiens

1 Kronieke 4:1-10

God se seën is die rykste vorm van die goeie nuus

Inleiding:

- Daar is verskeie tekste in die Bybel wat baie mense graag gebruik as kitsoplossings of antwoorde op bekommernisse.
    - Jeremia 29:11 – *Ek weet wat ek vir jou beplan, voorspoed en nie teëspoed nie.*
    - Fillipense 4:13 – *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*
    - En dan ook Jabes se gebed wat ons vanoggend saamgelees het.
- Hoewel hierdie tekste waarde het omdat dit deel is van God se woord, word dit dikwels oppervlakkig gelees, en word hierdie tekste beroof van die rykdom van God wat ons daarin kan vind.
    - As ons oppervlakkig na 1 Kronieke 4 kyk, sien ons dat alles met ons moet goed gaan en dat God ons bloot materieël seën.
        - Hy gee rykdom en voorspoed en alles wat in die oë van die wëreld mooi is.
- Hierdie verskynsel is ongelukkig ‘n veel groter realiteit as wat ons dikwels van bewus is.
    - Hierdie manier van omgaan met die Skrif bring die gevolg van die voorspoedsteologie na vore.
        - ‘n Meer bekende term is dalk die “Prosperity Gospel”.
- Hierdie valse evangelie is nie goeie nuus nie.
    - Dit word los van Christus en sy verlossingswerk gebruik en gee dan ‘n valse sin van sekuriteit.
        - Hierdie evangelie is leeg.
- Wanneer ons egter met hierdie tekste werk en werklik sien wat dit binne die konteks van God se hele historiese plan beteken, dan sien ons ‘n rykdom wat geen aardse rykdom naby aan kom nie.
    - Daarom hoor ons vanoggend die wonderlike boodskap dat God se seën die rykste vorm van die goeie nuus is.

God se woord getuig van sy verbond met sy kinders

- Die Bybel is nie ‘n lukrake versameling van versies waar jy elke dag kan kies wat is van toepassing en relevant en wat is nie.
    - God se woord is ‘n duidelike vertelling hoe God met sy kinders in ‘n verhouding staan.
- Dit kom veral in die boek Kronieke duidelik na vore.
    - Die sentrale temas van hierdie boek is die koningslyn van Dawid en dan ook die priesterlike lyn van Aaron.
- Die gedeelte in hoofstuk 4 wat ons saamgelees het, is deel van ‘n lang geslagsregister aan die begin van hierdie boek.
    - Hierdie geslagsregister is die van Juda.
        - Die koninklike lyn.
            - Daarom moet ons dadelik raaksien dat die feit dat Jabes in hierdie geslagsregister is, belangrik is.
- Tog word Jabes nie uitgelig as ‘n man van aansien of ‘n koning nie.
    - Inteendeel sy pa en sy kinders word nie in die geslagsregister genoem nie.
        - Ons kry baie min inligting oor hom.
            - Dan volg die vreemde verskynsel.
                - Binne die geslagsregister kom Jabes se gebed na vore.
                - Nie sy geslagsregister nie.
- Daar word wel baie duidelik uitgelig dat Jabes die Here geken het.
    - Jabes was meer geëerd as sy broers.
        - Die letterlike vertaling sê dat Jabes eerbaar was.
            - En dan volg sy gebed.
- Hy spreek God aan as die God van Israel.
    - Hy bid nie tot die afgode van die ander nasies nie.
    - Hy is duidelik bewus dat hy bid tot die Verbondsgod.
        - Hy bid tot die God wat die beloftes gemaak het aan Abraham, Isak en Jakob.
            - Hy bid tot die God wat grondgebied en ‘n groot nageslag belowe.
- Iemand wat deel was van die volk het grond ontvang die oomblik toe hulle in die beloofde land ingetrek het omdat hulle deel van die volk was.
    - Jabes se gebed fokus egter nie op daardie aspek nie.
        - Die feit dat Jabes se pa nie genoem word nie, getuig juis dat hy staat maak op God se genade vir die grond en nie omdat hy ‘n afstammeling van Abraham is in die stam van Juda nie.
- Deur hierdie geloof sien ons dan dat Jabes ‘n geestelike kind van Abraham is en nie net op grond van die bloedlyn nie.

- In die Ou Testament sien ons God se seën dikwels op ‘n fisiese manier.
    - Grond
    - Groot oeste
    - Militêre sukses
- Die Kronieke boek kyk terug op al die gebeure van Israel.
    - In die Hebreeuse Bybel is dit die laaste boek en die doel van hierdie boek is juis om hoop te gee aan die volk wat pas uit ballingskap kom.
        - ‘n Volk wat vir 70 jaar geen voorspoed beleef het nie.
            - So troos die verhaal van Jabes ook die volk wat nou terugkeer dat God selfs die gebede van ‘n niemand verhoor.
                - Wat hy vra is nie aansien of belangrikheid nie.
                    - Hy vra ‘n opregte hart wat sy afhanklikheid van die Here verklaar.
- Jabes se naam soos wat ons lees in vers 9 beteken smart.
    - As God nie sy gebed verhoor het nie, was hy steeds maar net wat sy naam gesê het – die man van smart.
        - Maar deur die genade van die Here kon hy die seën beleef.
- Deur Christus se vervulling van die ou verbond, moet ons versigtig te wees om maar bloot net dit wat in die Ou Testament gebeur het direk op vandag toe te pas.
    - En dit is juis hier waar ons die gevaar van die voorspoedteologie sien.
        - Enige belofte wat God maak, as ons dit los van Christus sien, dui op ons eie selfsug en afgodery van die eie ek.

<u>Christus se vervulling van die belofte is die ware goeie nuus</u>

- Ons het laasjaar vir ‘n paar weke deur die boek Rut gewerk.
    - In Rut vier het ons ook die geslagregister van Juda gesien.
        - En in daardie geslagsregister het ons ook gesien hoe die belofte van Christus baie duidelik na vore kom.
- Enige geslagsregister lig vir ons twee belangrike sake uit.
    - God is getrou aan sy verbondsbeloftes.
    - Geslagsregisters dui op die koms van Christus.
- So is 1 Kronieke 4 vir ons geen uitsondering nie.
    - God se verbondseën word vir ons duidelik gemaak wanneer God die gebed van Jabes verhoor.
    - En die feit dat dit die geslagsregister van Juda is, dui vir ons op die belofte van Jesus Christus wat kom as koning.

- Wanneer ek die twee verse van Jabes se gebed vir myself vat en dit los van Christus hanteer, dan beskou ek God as iemand wat vir my sal gee wanneer ek my vingers klap.
    - Maar wanneer jy besef die seën wat Jabes beleef ook vir ons heenwys na Christus toe, dan besef ons die rykdom wat werklik in die gedeelte is.
        - God se seën strek veel wyer as grond en 'n nageslag en rykdom.
            - God se seën beloof uitkoms.
            - God se seën beloof redding.
- In die geslagsregister is Jabes vaderloos en kinderloos.
    - In sy diepe afhanklikheid roep hy uit na die Here.
        - En die Here antwoord.
        - En die Here verhoor sy gebed.
            - Nie as voorspoed en vooruitgang nie, maar as verbondseën vir gehoorsaamheid.
- Wanneer ek en jy dan bid en vra vir die seën van die Here?
    - Wat vra jy eintlik?
        - Rykdom?
        - Voorspoed?
        - Selfverryking?
    - Nee die geestelike seën kom ons toe danksy die werk van Jesus Christus.
        - Hy wat self ook uit die stam van Juda, die ware koning, afhanklik uitgeroep het tot God.
            - Hebreërs 5:7 bevestig vir ons Christus se volmaakte afhanklikheid van God.
                - *"Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God."*
- Het Christus rykdom en grond en voorspoed ontvang?
    - Nee, hy het al die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan.
        - En daarom het Hy vir ons die ewige bron van saligheid geword.

<u>Die ware goeie nuus dui op ewige seën</u>

- Die voorspoedsteologie haal die wonderlike boodskap van die verbond uit die woord uit.
    - Elke gedeelte word in afsondering gelees en daar is geen sprake van 'n tydsverloop in die Bybel nie.
- As ons Christus uithaal is die verhoring van Jabes se gebed leeg.

- Dikwels het ons voorspoed nodig.
    - Ons vra die vraag wanneer ons met slegte dinge gekonfronteer word.
        - Here maak my gesond.
        - Here daar gaan nie geld wees vir kos aan die einde van die maand nie.
        - Here ek het u nodig.
    - As ons so bid dan is ons nie besig om vir God voor te skryf nie.
        - Nee ons vra dat die God van die verbond, die God van Abraham, Isak en Jakob, die God wat sy Seun aan die kruis laat offer het vir my, my as sondaar mens genadig sal wees en my sal laat deel in sy seën.
            - Die seën wat vir my sorg en voorsien.
    - Maar die geestelike seën is waar ons ware rykdom lê.
        - Deur Christus wat die beloftes van God vervul het, wag ons met opwinding vir die terugkeer van Christus.
            - Dan sal ons die ewigheid ingaan los van enige beproewing.
- Ons sal ware voorspoed hê en beleef.
    - Ons word nou reeds verseker deur in Gal. 3:14 dat die Gees as geskenk uit die hand van God ons versterk in ons geloof.

<u>Slot:</u>

- Enige evangelie waar die fokus nie op Christus se vervulling van die beloftes is nie, is leeg en vals en beroof Christus van die eer wat Hom toekom.
    - God maak wonderlike beloftes vir ons in sy woord.
- God beplan vir ons voorspoed en nie teëspoed nie.
    - Hierdie voorspoed is ons erfdeel wat reeds nou vir ons in die hemel wag – die belofte van die evangelie.
- Die realiteit is dat ons steeds dan beproewing sal beleef in hierdie lewe.
    - Ons gaan nie net rykdom en voorspoed beleef nie.
        - Maar in tye van swaarkry, beproewing, hartseer, siekte en armoede word ek deur die Gees versterk dat ek waarlik my afhanklikheid van God kan bely en kan uitroep – *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*